TRANSORANJE INSTITUUT
VIR
BUITENGEWONE ONDERWYS
PBO: 130001311 NPO: 001-597

Posbus 13383, HATFIELD 0028
Duxburyweg 174 (Ingang 186) HILLCREST

Transoranje Instituut
ABSA
Reknr: 020 840 145

Geagte Dominee

Baie dankie aan al die gemeentes wat op 9 September of op 'n ander dag 'n spesiale deurkollekte vir TOIBO opgeneem het. Ons is opreg dankbaar.

STATISTIEK
Die nuutste statistieke wys dat meer as 40% van die kinders in die vyf skole wat finansieel deur die Instituut ondersteun word, hulp in die een of ander vorm ontvang. TOIBO bly daartoe verbind om elke dag in ten minste een kind se lewe 'n verskil te maak.

Sonder u finansiële ondersteuning of skenkings van nie-bederfbarevoedsel, klerasie, toiletware, skryfbehoeftes en skoolskoene sal dit nie moontlik wees nie.

SA POLISIE DIENS

Met die afskop van ***National Victim Rights Week*** het luitenant-generaal Jephta van die SAPD en haar personeel Prinshofskool besoek om met die kinders te praat oor hul regte sou hulle slagoffers word van misdaad, en ook oor die invloed van dwelms. Dit was prysenswaardig dat hulle die inligting in Braille aan die kinders beskikbaar gestel het.

SKOOLSKOENE

Baie dankie aan **PEP Stores** wat weer R5000 geskenk het vir skoolskoene.

Tot ons weer gesels

Arina Jooste
ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

DS FRANCOIS ESTERHUIZEN
VOORSITTER